NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# PASTORALE BRIEF

# NOVEMBER 2022

## Prediker(iii): Dink aan jou Skepper...

"Dink aan jou Skepper in jou jong dae voor die swaar dae kom, die jare aanbreek waarvan jy sal sê: "Ek het daar niks aan nie."
Prediker 7:23-24

In die laaste hoofstuk van die boek van die Prediker kom hy eindelik by die punt wat ek vermoed hy nog die hele tyd wou maak. Hy het hard gesoek na iets wat sy lewe die moeite werd sou maak, en die meeste daarvan het hom teleurgestel. Nie die materiële goed wat hy bymekaar kon maak, die geleerdheid wat hy kon versamel, sy gewildheid onder sy tydgenote, of die plesier wat hy nagejaag het, kon hom regtig geluk gee nie. Uiteindelik is net een ding belangrik: "Dien God en gehoorsaam sy gebooie" (12:13).

Die oplossing vir hierdie deurmekaar, gejaagde lewe is: Dink aan jou Skepper. Die Prediker rig hierdie oproep aan die jong mens. Hulle lewe lê immers nog voor, en die uitdagings van die ouderdom nog baie ver. Interessant dat hy nêrens sê dat dit verkeerd is om die lewe te geniet nie. Die Here wil hê dat jy jou lewe moet geniet! Maar terwyl jy dit doen, moet jy net altyd onthou dat daar méér is as die plesier van die flietende oomblik. Onthou altyd dat hierdie nie jou eindbestemming is nie. Die eintlike lewe lê nog vir jou voor...

Hierdie wyse woord geld natuurlik nie net vir jong mense nie. Dis waar vir ons almal! Ons word oorlaai met seëninge. God het vir jou hierdie dag gegee, met sy uitdagings, maar ook met sy vreugdes, en dis tot sy eer dat jy dit sal geniet, en aan Hom al die eer sal gee. Lewe tot sy eer "dien God en gehoorsaam sy gebooie", en jou lewe sal vir jouself en diegene om jou, louter vreugde wees!